DIE BURGER, Dinsdag **20 Mei** 2003

Sentrum vir dowes kry hulp

KAAPSTAD. – Die Carel du Toit-sentrum vir Dowes in Bellville het onlangs 'n hupstoot gekry met 'n skenking van R100 000.

Dit gaan gebruik word vir die aankoop van vier gehoortoestelle en drie FM-stelsels wat agtergrondgeluide uitskakel.

'n Deel daarvan gaan ook 'n bydrae wees tot 'n kogleêre inplanting, wat tot R240 000 kos. Mnr. Kassie Wiehahn, besturende direkteur van Castle Estates en lid van die Stigting vir Gestremde Kinders, het die geld geskenk.

Die Carel du Toit-sentrum is op die Tygerberg-hospitaal se perseel. Gehoorgestremdes word daar van hul babajare af geleer om te praat.

Normaalweg sou hulle gebaretaal leer, maar die sentrum glo as doofheid vroeg genoeg geïdentifiseer word, kan die kinders met gehoortoestelle leer praat. Volgens me. Elza Koller van die sentrum is hulle oorstelp van vreugde. – (Abigail Isaacs)

AFRIKOM